# *Die Laaste Woord ...*

# Waar Kommunikasieleer die bal misslaan

**Willem de Klerk**

**IN this bold and outspoken article, the author asks whether communication scientists do not place too much emphasis on applied research which is only meaningful to a handful of specific marketers, advertisers, journalists, etc, whilst neglecting to use their research skills to solve more important communication crises in the here-and-now South African situation ...**



*Willem de Klerk*

*DIE rubriek **Die laaste woord** is afgestaan vir standpuntstelling.*

*Standpunte hoef nie altyd wetenskaplik te wees nie. Dikwels is dit dwars-in teen heersende heilige vakkoeie. Dit kan moedswillig wees. Eensydig. Met 'n bietjie geluk soms 'n kreatiewe flitsgedagte, maar soms is dit 'n dwase retoriek.*

*Willem de Klerk is Hoofredakteur van RAPPORT en deeltyds as professor in Joernalistiek verbonde aan die Departement Kommunikasie, RAU.*



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

*Standpunte is individuele gedagtes of vooroordele óf geslypte wraakbyltjies óf waanprojeksies. Selde goed deurdink.*

*Tóg gryp 'n standpunt dikwels 'n waarheid, dalk verwring deur eie verenging, maar tog 'n waarheid wat minstens 'n oorwegingsmoment van die leser vra.*

*Klap of kielie, solank 'n standpunt net reaksie uitlok: 'n eina, of 'n lag, of 'n irritasie of 'n snippermandjie-beweging.*

*In die rubriek — so verseker die redaksie — kan 'n tros standpunte, selfs uiteenlopend, gestel word, óf 'n enkele standpunt kan met jota en tittel ontwikkel word.*

*Wetenskaplike standpunte is natuurlik meer stigtelik, maar 'n los skoot in die lug, gegiet in die taal van die leke, is natuurlik ook 'n welkome afsluiting vir 'n tydskrif wat gewigtige vakliteratuur wil wees.*

*Ek verkies vir hierdie eerste uitgawe die laaste weg van "fools rush in where angels fear to tread ...."*

- *Die filosofiese grondslae, teorie en uitbouing van die grondslae van die Kommunikasieleer moet in die Suid-Afrikaanse navorsing baie meer aandag kry. Die vakrigting ontvang wetenskaplike erkenning, maar dit beteken nog nie dat hy homself onbetwisbaar bewys het as selfstandige vakdissipline nie.*

*Kommunikasieleer het bestaansreg ontvang by die grasie van onder meer die sosiale wetenskappe, maar sy status as 'n trotse eie wetenskap moet hy nog verdien.*

*Begaafde nagraadse studente, toegerus vir interdissiplinêre navorsing behoort meer op dié aspek toe te spits, in plaas van toegepaste navorsing wat in stringetjies van tien uitgeryg word.*

- *Van toegepaste navorsing gepraat, ek vra my af of die toepassingsvelde nie te dikwels op sypaadjies afdwaal nie. Baie van die resultate is dan alleen waardevol vir 'n spesifieke groepie bemarkers, adverteerders, joernaliste of wie ook al. Niks fout nie, want hulle moet ook deur die wetenskap gevoed word.*

*Daar is egter breë vlakke van kommunikasie wat braak lê.*

*Suid-Afrika is die land van die kommunikasie-krisis deur sy veelrassigheid, aggressiewe heterogeniteit, strydende faksies, of hoe mens ook al ons werklikheid wil tipeer.*

*Ons oop senuwees is kommunikasie-aftakeling.*

*Die doodloopstraat is kommunikasie-verwarring.*

*Die ontsnaproete van die katastrofe is strukturering en deurbreek van 'n nuwe kommunikasie-styl.*

*Probleemgebeide wat om professionele leiding roep, is onder meer onderhandelingskommunikasie, krisiskommunikasie en beïnvloedingskommunikasie, maar dan in ons spesifieke hier-en-nou Suid-Afrikaanse situasie.*

*Ons het 'n hele openbare sektor — van die Owerheid tot die hoogste en laagste staatsdiensrang — wat 'n ding moet doen waarvoor hulle nie goed toegerus is nie.*

*Die Kommunikasieleer moet inbeweeg op navorsing oor kommunikasie-gapings, kommunikasie-kortsluitings, kommunikasie-metodiek en kommunikasie-opdrag in die breë politiek van Suid-Afrika.*

*Ons het 'n televisienetwerk wat rondval, vermoeiend eksperimenteer en links en regs blapse maak met die toegepaste beïnvloedings-kommunikasie in die Suid-Afrika van 1985.*

*Ons het koerante wat te veel leun op ou tradisies in hulle betoog om mense te oorreed.*

*Die debat is aan die gang oor die rol van die skool in 'n tydperk van politieke en maatskaplike verandering. Hoe kommunikeer die skool dit?*

*Kommunikasieleer moet met middelpuntvliedende energie sy spesifieke gemeenskap dien.*

*Dis 'n gemeenskap wat wag op kommunikasieleiding.*

*Miskien moet ons Suid-Afrikaanse kommunikasiekundiges 'n slag hulle verslaafdheid aan Amerikaanse empirisme links laat lê om in die Suid-Afrikaanse kommunikasieproblematiek 'n eie toepaslike wetenskaplike bydrae te lewer.*



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010)